# Taffienuus: Mei 2024

## Beste Tafelberg-Fotografieklub-lede

Soos julle sien het ons op die Algemene Jaarvergadering eenstemmig 'n nuwe logo in gebruik geneem. Ons as bestuur oorweeg reeds 'n jaar en 'n half verskeie voorstelle en het die proses rustig sonder enige haas hanteer. Ons sal glad nie ons vorige Logo weggooi nie – dit sal altyd 'n spesiale plek hê, omdat alles daar begin het. Die behoefte is al hoe meer deur klublede uitgespreek dat ons 'n moderne en goed ontwerpte professionele logo kry, wat veral die teenswoordige tydsgees aanspreek. Ons is baie dank verskuldig aan die grafiese kunstenaar Eldale Swart. Sy is professionele grafiese kunstenaar wat heeltyd met ontwerp doenig is. Sy het daarin geslaag om al die verskillende idees van bestuurslede in een logo vasgevang. Ons is werklik opgewonde hieroor. Baie dankie Eldale vir die wonderlike gesindheid en entoesiasme waarmee jy ons gehelp het. Die bestuur het met 'n eenstemmige voorstel gekom en die AJV het dit eenstemmig aanvaar.

Ons het op 23 April ons Algemene Jaarvergadering gehad en dit is werklik baie goed bygewoon. Daar was heelwat mense fisies daar en baie het tydens Zoom ingeskakel. Ons het geluister na ons oorsig oor die jaar, ons finansiële verslag en die begroting vir die toekoms. Ons is dankbaar teenoor ons Skepper en elke lid dat dit goed gaan met die klub. Ons lede is gelukkig en presteer baie goed- nie net in kompetisies nie, maar elkeen presteer in sy persoonlike ontwikkeling van fotografie – dit waaroor dit eintlik gaan!!

Ek dink met groot dankbaarheid aan die stigters en lede van die klub die afgelope jare. Hulle visie het ons gebring waar ons vandag is en ons bou voort, op die fondamente wat hulle tot stand gebring het.

## 1. KLUB PRESTASIE:

### 1.1 Uitslae van PSSA Salonne (vir 2023-2024 Impala jaar):

- Die totale is die aantal aanvaardings wat elkeen ontvang het.

| | BCC | Brandpunt | Swartland |
|---|---|---|---|
| Mike Barkhuysen | 1 Meriete en 3 | | |
| Andre de Koker | 1 | | |
| Neels Beyers | 4 | 1 Meriete en 1 | |
| Philip de lange | 1 | | |
| Louise de Lange | 1 | | 1 |
| Christo Giliomee | 4 | 1 Meriete en 4 | 2 Meriete en 5 |
| Juliana van Dyk | 5 | 5 | 2 |
| Adriaan v Zyl | 2 Meriete en 7 | | 2 |
| Karen v Zyl | 4 | | |
| Mariana Visser | 4 | 5 | |
| | | | |

**Baie-baie geluk aan elkeen met hulle uitstekende prestasie. Tafklub is baie trots op elke lid wat so presteer.**

### 1.2 **Jeug se prestasies:**

Ons klub se skoliere het in Rusland se salon baie goed presteer. Baie geluk julle .
Alexa (7) en Thomas (28) Bothe het saam 35 aanvaardings ontvang. Alexa het 1 x IAAP goue medalje en Thomas het 2x AP Eurasia goue medalje en 1x IAAP ontvang
Verder het nog 2 van ons klub lede ook goed presteer by die Duitsland salon:
Lizhan Ruschenbaum – 4 aanvaardings by Duitse beker
Thomas Bothe 8 aanvaardings en een medalje

1.3 **PSSA Fotograaf van die maand**: Theo Potgieter het April se PSSA senior fotograaf gewen met sy foto " Waiting for the rain" (sien die foto onder) Sy ander foto "Clash of the Titans " het PSSA se webtuiste kompetisie vir April gewen! Baie geluk Theo met sy dubbele prestasie! Ons is trots op jou

### 1.4 **Promovering van Klublede**

Die volgende lede het 'n ster- promovering by die klub verdien vanaf April.

| | |
|---|---|
| Frank Smith - | vanaf 3 ster na 4 ster |
| Thomas Bothe - | vanaf 3 ster na 4 ster |
| Juliane van Dyk - | vanaf 4 ster na 5 ster |
| Adriaan van Zyl - | vanaf 4 ster na 5 ster |
| Karen van Zyl - | vanaf 4 ster na 5 ster |

**Baie-baie geluk aan elkeen van julle !!**

## 2. Nuus van die PSSA



2.1 Alle lede van PSSA moet vanaf 19 Mei hulle lidnommer en **intekening op PhotoVault nuut verifieer.** Dit is 'n eenmalige proses. Die lidmaatskapslys van PSSA word vanaf Mei verbind met PhotoVault. In die verlede was die programme se databasis nie gekoppel nie. Nou gaan die PSSA lidmaatskap aan Photovault gekoppel word. Dit het gebeur dat sommige lede 'n ou/vervalde lidmaatskap no. gebruik het om in salonne in te skryf. Dit was moeilik om op te tel. Nou kan dit maklik gesien word. Die databasisse sal nou met mekaar skakel. **Sien die aangehegte bladsy as jy sukkel**.

2.2 **Wes Kaap foto- fees begin 9 November**
Verlede jaar het ons die WCPF se foto-fees in November gehad met 'n foto uitstalling in Groot Constantia. Toe was Kaapstad die gasheer. Hierdie jaar is Paarl die gasheer en word so uitstalling in die Paarl gehou. **Dagboek gerus 9 November asseblief**

2.3 In 2025 word die **PSSA se kongres** in Struisbaai gehou. Dit sal 10-14 Augustus 2025 wees.

2.4 Lees gerus die PSSA nuusbrief vir die maand hier : https: /pssa/39ads0741o-9104896?e=e3af84e806

## 3 WEN-FOTO'S VAN April 2024- Tema – Vaste kategorie: Natuur – Landskappe

| | |
|---|---|
|  |  |
| **Vis voël en vlei lelie : Mariana Visser**<br>**Wenner: Gedrukte kategorie en Maandwenner** | **The Kings Guards: Thomas Bothe**<br>**Junior wenner** |
|  |  |
| **Waiting for the rain: Theo Potgieter**<br>**Wenner: Ope** | **Oopbek swaeltjie: Adriaan v Zyl**<br>**2de: Ope** |
|  |  |
| **Arniston 23 01: Andre de Koker**<br>**Wenner Vaste kategorie** | **Kgalagadi Storm: Adriaan van Zyl**<br>**2de vaste kategorie** |

**Baie geluk aan die Maandwenners!!!!**

## 4. PROGRAM 2024

**Die program vir 2024 se kompetisie – en die vaardigheidsaande is op ons webtuiste aangebring. www.tafklub.co.za**

## 5 Mei 2024: BYEENKOMSTE

### 5.1 Kompetisie Mei: City stapes

- Die maand se klubkompetisie is **21 Mei** en die sluitingsdatum vir inskrywings is **16 Mei.**
  **Die vaste tema is: City Scapes en die beoordelaar is Theo Potgieter.**
  **Definisie: Let asb. op die definisie hieronder:**
  **City Scapes is a term that covers the depiction of scenery such as cities, buildings in a city and city nightlife etc.**
  **Manipulation is allowed.**

  **Dit is ook 'n hibriede byeenkoms. Sien die program**
- **Prints**: Vanaf Feb. – Mei en ook Okt. en Nov. gaan ons hibriede (Zoom en fisies) kompetisie-aande hê sodat daar ook prints ingeskryf kan word. Prints word op Photovault ingeskryf en moet 'n halfuur voor kompetisie aand begin in wees.
- **Let wel dat Junie – Sept. slegs Zoom vergaderings gaan wees. Ons sal dit aan die einde van die jaar herevalueer.**

### 5.2 Vaardigheid. Wildlewe –fotografie

- **Wildlewe:** Adriaan van Zyl praat Dinsdagaand 7 Mei 19:00 met ons oor Wildlewe fotografie. Hy het 'n passie vir Wildlewe fotografie heelwat ervaring daaroor en ons sien uit om by hom te leer. Die kompetisie vir Wild Fotografie is eers in September.
- Dit is 'n Hibriede byeenkoms van die jaar (Zoom en fisies) Ons wil vriendelik versoek dat soveel moontlik mense dit sal bywoon by Logos kerk

- **Uitstappies:** Op 18 Mei het ons 'n uitstappie na Slangkop Vuurtoring. Juliane sal meer op die Whatsapp groepe berig.

## 6 TEN SLOTTE:

*My wense is dat elke lid van Tafklub die maand sy/haar se passie vir fotografie sal uitleef!!!*
*Neem baie foto's!*

**Foto-groete**

**Quintus Heine**